SENTRUM VIR OPVOEDKUNDIGE STUDIES (EDMS) Bpk

Syferkunde
Wiskunde
Leierskap

wdtwp572@gmail.com 083 654 1363

**Hersiening Inoefening Vaslegging**

# Graad 7 – Kwartaal 1 – Heelgetalle – 2024

## Inleiding oor getalle en verskillende soorte getalle; Afronding; Verwantskappe tussen getalle; Getalpatrone; Die vier hoofbewerkings; Veelvoude en faktore.

**Die inhoud van hierdie materiaal is volgens die Jaarlikse Onderrigplan van die Departement van Basiese Onderwys 2024.**

**Afdeling A – Inleiding oor getalle en verskillende getalle**

Jy moet dit leer!!!



**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Die groepe getalle waarmee jy gaan werk, is:

   Natuurlike getalle $N = \{ 1; 2; 3; 4; \dots \}$

   Telgetalle $N_0 = \{ 0; 1; 2; 3; \dots \}$

2. Verskillende soorte getalle

   Ewe getalle → deelbaar deur 2 $E = \{ 2; 4; 6; 8; \dots \}$

   Onewe getalle → nie deelbaar deur 2 nie $O = \{ 1; 3; 5; 7; \dots \}$

   Priemgetalle → net 2 faktore – 1 en die getal self $P = \{ 2; 3; 5; 7; 11; \dots \}$

   Saamgestelde getalle → meer as 2 faktore $S = \{ 4; 6; 8; 9; 10; 12; \dots \}$

**Afdeling B – Afronding van getalle**

**LEER!!!**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**
**Bestudeer eers afronding tot die naaste 5**

1. Onthou jy werk net met die enesyfer
2. Simbool vir afronding is ≈
3. Afronding tot 5 beteken ons werk met veelvoude van 5 [Tel in 5'e]
4. Ons werk met 5; 10; 15; 20 ens [die 5x-tafel]
5. Van 10 tot 15 is die getalle 10; 11; 12; 13; 14; 15
6. Die getalle 10, 11 en 12 rond af na 10

6. Die getalle 13, 14 en 15 rond af na 15
7. Kyk na die getal 37: 37 is nader aan 35 as aan 40 ∴ 37 ≈ 5 = 35

**Beantwoord die volgende vrae oor afronding tot die naaste 5:**

1.1 379 ≈ 5 = _________ 1.2 899 ≈ 5 = _________

1.3 4 037 ≈ 5 = _________ 1.4 78 373 ≈ 5 = _________

1.5 321 535 ≈ 5 = _________ 1.6 675 438 ≈ 5 = _________ (6)

**Kom ons kyk na afronding tot die naaste 10; 100; 1 000 en meer:**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**


1. Ken jou plekwaardekolomme

| M | HD | TD | D | H | T | E |
|---|---|---|---|---|---|---|

Kyk na die volgende getallelyn

1. 15 is in die middel tussen 10 en 20
2. 15; 16; 17; 18; 19 en 20 rond af na 20
3. 10; 11; 12; 13 en 14 rond af na 10

**LEER!!!**




4. Die getal 34 afgerond tot 10 is 30 [kyk na die E-kolom]
5. Die getal 287 afgerond tot 100 is 300 [kyk na die T-kolom]
6. Die getal 6 324 afgerond tot die naaste 1 000 is 3 000 [kyk na die H-kolom]
7. Die getal 43 087 afgerond tot die naaste 10 000 is 40 000 [kyk na die D-kolom]
8. Die getal 789 365 afgerond tot die naaste 100 000 is 800 000 [kyk na die TD-kolom]

**Beantwoord die volgende vrae oor afronding:**

2.1 749 ≈ 10 = _________ 2.2 2 899 ≈ 100 = _________

2.3 34 037 ≈ 1 000 = _________ 2.4 98 376 ≈ 1 000 = _________

2.5 325 535 ≈ 10 000 = _________ 2.6 673 438 ≈ 10 000 = _________

2.7 4 321 535 ≈ 100 000 = _________ 2.8 3 675 438 ≈ 100 000 = _________ (6)

## Afdeling C – Verwantskappe tussen getalle

**LEER!!!**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Jy kan notasie en plekwaardekolomme gebruik om getalle te vergelyk
2. Kyk na die tabel

| TD | D | H | T | E |
|---|---|---|---|---|
| 5 | <u>4</u> | 3 | 2 | 1 |
| 5 | <u>3</u> | 4 | 2 | 1 |

3. Begin van links kyk – TD is beide 5
4. Kyk dan na D – syfers verskil
5. ∴ is 54 321 > 53 421

**Skryf die volgende getalle in stygende en dalende volgorde:**

3.1 Skryf in stygende volgorde: 32 456; 23 456; 32 546; 23 546; 32 654; 23 654

_______________________________________________ (1)

3.2 Skryf in dalende volgorde: 7 891; 7 198; 8 197; 8 791; 7 819; 8 971

_______________________________________________ (1)

**Vul die regte verwantskaptekens [<; =; >] in:**

3.3 11 x 55 _____ 605 3.4 212 _____ 221

3.5 2 357 _____ 2 537 3.6 1 000 _____ 10 x 10 x 10

3.7 18 042 _____ 18 024 3.8 1 x 2 x 3 x 0 _____ 0 (6)

**Bereken die volgende:**

3.9 Verdubbel 3 360 _________________________________________ (1)

3.10 Halveer 103 068 _________________________________________ (1)

3.11 Verdubbel 11 026 _________________________________________ (1)

3.12 Halveer 482 692 _________________________________________ (1)

**4.**

**Afdeling D – Getalpatrone**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Getalpatrone is ‘n ry getalle met ‘n sekere volgorde [“ry” beteken dit is horisontaal]
2. Kyk na die volgende getalry → 11; 13; 15; 17; 19…
3. Getalle soos hierby (by 2) is onewe getalle
4. Die interval by 2 is +2 [by elke getal word 2 bygetel]
5. Die interval bepaal die getalpatroon

**LEER!!!**

**Bepaal die ontbrekende getalle in elke patroon:**

4.1 23; 26; 29; ________; ________; 38 (2)

4.2 195; 190; 185; ________; ________; 170 (2)

4.3 475; 500; ________; 550; ________; 600 (2)

4.4 2 340; 2 290; ________; ________; 2 140 (2)


**Afdeling E – Die vier hoofbewerkings**

**LEER!!!**

**Wiskunde woordeskat en kennis!!!**

1. Som van → antwoord van ‘n optelsom [opteltal + opteltal = som van]
2. Verskil tussen → die antwoord van ‘n aftreksom [aftrektal – aftrektal = verskil]
3. Produk → die antwoord van ‘n vermenigvuldigsom
   [vermenigvuldigtal x vermenigvuldiger = produk]
4. Kwosiënt → antwoord van ‘n deelsom [deeltal ÷ deler = kwosiënt]

**2. Inverse en soortgelyke bewerkings**




**Voltooi:**

**5.**

5.1 12 + 29 = ______ + 12 (1)

5.2 43 x ______ = 18 x 43 (1)

5.3 (65 + 25) + 15 = 65 + (______ + 15) (1)

5.4 9 x (10 x 6) = (______ x 10) x 6 (1)

5.5 24 x (15 + 35) = (24 x 15) + (24 x ______) (1)

5.6 19 x (28 + 76) = (______ x 28) + (19 x 76) (1)

**Bereken die ontbrekende getalle:**

5.7 54 + ______ = 87 ________________________________________ (1)

5.8 34 x ______ = 136 ________________________________________ (1)

5.9 ______ + 64 = 197 ________________________________________ (1)

5.10 ______ x 23 = 276 ________________________________________ (1)

5.11 132 ÷ 11 = ______ x 11 ________________________________________ (1)

5.12 94 + 0 = ______ 5.13 0 + 519 = ______ (2)

5.14 86 x 0 = ______ 5.15 0 x 99 = ______ (2)

5.16 0 ÷ 38 = ______ 5.17 65 ÷ 0 = ______ (2)

**Bereken en toets jou antwoord met 'n inverse bewerking:**

5.18 9 384 + 43 206 ________________ ________________

________________ ________________

________________ ________________ (2)

5.19 12 473 – 8 997 ________________ ________________

________________ ________________

________________ ________________ (2)

5.20 854 ÷ 23 = □ 23 $\sqrt{854}$ ________________

________________

________________ (2)

6.

5.21 2085 x 63 ________________

________________

________________ (2)

**Afdeling F – Belangrike wette**

**Baie belangrik!!!**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Kommutatiewe eienskap van optelling

   $a + b = b + a$ → 5 + 7 = 7 + 5 → volgorde maak geen verskil

2. Kommutatiewe eienskap van vermenigvuldiging

   $a$ x $b$ = $b$ x $a$ → 4 x 6 = 6 x 4 → volgorde maak geen verskil

3. Assosiatiewe eienskap van optelling

   $a + (b + c) = (a + b) + c$ → 5 + (6 + 7) = (5 + 6) + 7 → hakies maak geen verskil

4. Assosiatiewe eienskap van vermenigvuldiging

   $a$ x ($b$ x $c$) = ($a$ x $b$) x $c$ → 7 x (8 x 9) = (7 x 8) x 9 → hakies maak geen verskil

5. Distributiewe eienskap van getalle in hierdie somme

   $a$ x ($b + c$) = $ab + ac$ → 2 x (3 + 4) = (2 x 3) + (2 x 4)

**Bereken:**

6.1 (19 + 45) + 21 = 19 + ( _____ + 21) = 19 + _____ = _____ (3)

6.2 (9 x 11) x 5 = 9 x (11 x _____ ) = 9 x _____ = _____ (3)

6.3 6 x (7 + 10) = (6 x 7) + (_____ x _____) = 42 + _____ = _____ (3)

6.4 5(6 – 2) = (_____ x _____) – (5 x 2) = 30 – _____ = 20 (2)

**Afdeling G – Volgorde van bewerkings**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Ken die reëls en weet wanneer om dit toe te pas

**7.**

**REëLS:**

| | | |
|---|---|---|
| HAKIES | (       ) | Hein |
| VAN | Beteken  x [vermenigvuldig] | Van |
| DEEL | ÷ | Der |
| MAAL | x | Merwe |
| OPTEL | + | Oefen |
| AFTREK | – | Atletiek |

7.1  25 – 13 + 9 + 34 = ________________________________________ (1)

7.2  25 – (13 + 9) + 34 = ________________________________________ (1)

7.3  9 x 12 ÷ 3 x 4 = ________________________________________ (1)

7.4  9 x (12 ÷ 3) x 4 = ________________________________________ (1)

7.5  9 x 12 ÷ (3 x 4) = ________________________________________ (1)

7.6  1 + 2 x 3 + 4 x 5 + 6 x 0 ________________________________________ (1)

7.7  7 + 7 ÷ 7 x 7 – 7 + 7 ________________________________________ (1)

**Afdeling H – Veelvoude en faktore**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Veelvoude – is die produk van enige twee natuurlike getalle:
   Veelvoude van 6:    6 x 1 = 6;   6 x 2 = 12;   6 x 3 = 18 …
   $V_6$ = {6; 12; 18; 24; …}
   Veelvoude van 12:    12 x 1 = 12;  12 x 2 = 24;  12 x 3 = 36 …
   $V_{12}$ = {12; 24; 36; 48; 60; 72; 84 …}
2. Faktore – alle natuurlike getalle wat presies in 'n groter getal kan indeel [sonder 'n res]
   Faktore van 12:   12 ÷ 1 = 12;  12 ÷ 2 = 6;  12 ÷ 3 = 4;  12 ÷ 4 = 3;  12 ÷ 6 = 2;
   12 ÷ 12 = 1
   $F_{12}$ = {1; 2; 3; 4; 6; 12}
   Faktore van 20:   20 ÷ 1 = 20;  20 ÷ 2 = 10;  12 ÷ 4 = 5;  12 ÷ 5 = 4;  20 ÷ 10 = 2;
   20 ÷ 20 = 1
   $F_{20}$ = {1; 2; 4; 5; 10; 20}
3. **ONTHOU – 1 is nie 'n priemgetal of 'n saamgestelde getal nie!!!**
4. Saamgestelde getalle – alle natuurlike getalle met meer as 2 faktore
   4 [1; 2; 4]    6 [1; 2; 3; 6]    8 [1; 2; 4; 8]    9 [1; 3; 9]
5. Priemgetalle – getalle met net 2 faktore  [die getal self en 1]
   2 [1;2]   3 [1;3]   5 [1;5]   7 [1;7]   11 [1;11]
6. Priemfaktore – al die faktore van 'n natuurlike getal wat priemgetalle is

$F_{24}$ = {1; 2; 3; 4; 6; 8; 12; 24} $Priemfaktore_{24}$ = {2; 3}

**8.**

**Bestudeer die ry natuurlike getalle en voltooi die volgende vrae:**

19 34 8 64 11 31 28 51 26 27 10 4

8.1 Noem al die ewe getalle ________________________________________ (1)

8.2 Noem al die onewe getalle ________________________________________ (1)

8.3 Noem al die saamgestelde getalle _________________________________ (1)

8.4 Noem al die priemgetalle _________________________________ (1)

8.5 Noem al die veelvoude van 4 _________________________________ (1)

8.6 Noem al die faktore van 64 _________________________________ (1)

**Afdeling I – KGV en GGF**

**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. KGV → Kleinste Gemene Veelvoud is die kleinste gemene getal waarin al die getalle presies kan indeel. Kan slegs met 2 of meer getalle bepaal word.

KGV van 4 en 5 $V_4$ = {4; 8; 12; 16; 20; 24; 28}

$V_5$ = {5; 10; 15; 20; 25}

20 is die eerste getal waarin 4 en 5 presies kan indeel
∴ is die KGV van 4 en 5 → 20

2. GGF → Grootste Gemene Faktor is die grootste getal wat presies in daardie getalle kan indeel. Kan slegs met 2 of meer getalle bepaal word.

GGF van 6 en 12 $F_6$ = {1; 2; 3; 6}
$F_{12}$ = {1; 2; 3; 4; 6; 12}

6 is die grootste faktor wat in 6 en 12 presies kan indeel
∴ is die GGF van 6 en 12 → 6

**Bepaal die KGV en GGF van die volgende getalle:**

9.1 2 en 7 ________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________ (6)

9.2 5 en 11 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (6)

9.3 6 en 21 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (6)

9.4 9; 18 en 36 ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (8)

**Afdeling J – Produk van priemfaktore**


**Wiskunde-woordeskat en -kennis!!!**

1. Skryf 210 as die produk van sy priemfaktore.

   ∴ 210 = 2 x 3 x 5 x 7

| | | |
|---|---|---|
| 2 | 210 | [÷ 2] |
| 3 | 105 | [÷ 3] |
| 5 | 35 | [÷ 5] |
| 7 | 7 | [÷ 7] |
| | 1 | |

2. Jy deel net met priemgetalle en begin by 2
3. Die faktorboom kan ook gebruik word




∴ 210 = 2 x 3 x 5 x 7

**Skryf elke getal as die produk van sy priemfaktore:**
**[Gebruik jou eie metode]**

10.1 50 10.2 108 10.3 363

(2) (3) (2)



# KIDS GENIUS PROGRAM

- Gooi 3 veerpyltjies na hierdie bord.
- Hoeveel kombinasies kan jy vind wat vir jou ‘n totaal van 50 sal gee?
- Skryf al jou kombinasies neer.
- Al drie pyltjies moet in die bord wees. Jy mag nie misgooi nie.

